D P COHEN N.O.

29 MEI 2018

AAN DIE BELEGGERS

Geagte Meneer / Me.

OMSENDBRIEF AAN BELEGGERS INGEVOLGE DIE REËLINGSKEMA TUSSEN ORTHOTOUCH (EIENDOMS) BEPERK EN HIGHVELD SYNDICATION (HS) BELEGGERS INGEVOLGE ARTIKEL 155 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008 (WET 71 VAN 2008, SOOS GEWYSIG) ("die Wet")

Ek rig hierdie aan u, soos voorheen, in my hoedanigheid as die behoorlik aangestelde Ontvanger in die bogemelde reëlingskema. Ingevolge die skema het ek onder andere die pligte om integriteit van die skema te beskerm. Soos hieronder uiteengesit word het ek dit gedurende die bestaan van die skema sonder versuim gedoen.

Ek verwys na my onlangse omsendbrief gedateer 15 Mei 2018, en meer spesifiek na die eerste twee paragrawe. Paragraaf 1 het gehandel oor gedingvoering waar **ek ingegryp het om die reëlingskema** ("die reëling") **te beskerm** en paragraaf 2 het my weerhouding van deelname aan die beweerde "groepaksie" en die aansoek om die reëling tersyde te stel – waarna daar hieronder verwys word – beskryf.

Ek moet die posisie van die beleggers aanspreek wat betrokke is by die gedingvoering waarna ek in hierdie paragrawe verwys. Ek doen dit in hierdie omsendbrief en op grond van regsadvies wat ek ingewin het.

1 Ter agtergrond herinner ek beleggers daaraan dat die voorgestelde reëling op 7 Oktober 2014 onderteken is, en dat die kennisgewings van die vergaderings wat belê is sodat HS-beleggers die voorgestelde reëling kon oorweeg en goedkeur, tussen 17 en 20 Oktober 2014 aan alle HS-beleggers gestuur is.

2 Aan die einde van Oktober 2014 het 'n aantal HS-beleggers (wat deel geword het van die reëling) 'n aansoek van stapel gestuur om 'n groepaksie in Highveld Syndication-maatskappye 19 tot 22 te laat sertifiseer.

3 Die reëling is op 12 November 2014 aanvaar en op 26 November 2014 deur die Hooggeregshof bekragtig. Daardie Hofbevel is ingevolge Artikel 155 van die Wet bindend vir al die historiese beleggers in Highveld Syndication-maatskappye 15 tot 22 ("HS-beleggers").

4 In Maart 2015 het 'n aantal HS-beleggers 'n hofgeding van stapel gestuur om die reëling tersyde te laat stel.

5 Ek sal die twee hofsake waarna daar in paragrawe 2 en 4 hierbo verwys word "die Hofaansoeke" noem.

6 Hierna het sowat 46 ander HS-beleggers (wat onder die reëling val) dagvaardings uitgereik teen Zephan Properties (Edms.) Bpk ("Zephan"), die finansiële aansoeker wat in die reëling omskryf word en die onderskrywer van die reëling, in 'n poging om hul regte ten opsigte van die terugkoopooreenkoms, wat vóór ondernemingsredding en die bekragtiging van die reëling gesluit is, af te dwing. Zephan het die saak verloor. Ek is eers oor hierdie geding in kennis gestel nadat uitspraak gelewer is.

7 Ek poog tans om in my hoedanigheid as ontvanger in terme van die reëling die genoemde uitsprake nietig te laat verklaar ten einde die reëling te beskerm, aangesien die terugkoopooreenkomste deur die reëling vervang is.

8 Sowat 180 ander HS-beleggers het ook onlangs op dieselfde gronde as die 46 aansoekers hierbo hofgedinge teen Zephan geloods. Ek probeer tans om daar ook in te gryp.

9 Die regsgedinge waarna paragraaf 6 en 8 hierbo verwys, word hierna "die Hofgedinge" genoem.

10 Ek verneem van betroubare bronne dat nog HS-beleggers verdere regsgedinge teen Zephan en mnr. Nic Georgiou aanhangig gemaak het, beplan om dit te doen of aangemoedig word om dit te doen.

11 Daar is 'n goeie kans dat die volgehoue inwerkingstelling en befondsing van die reëling kan skipbreuk ly indien hierdie hofsake voortgaan en vermeerder, al is die reëling tot op hede hoofsaaklik suksesvol in werking gestel.

12 Die regsaksies en omstandighede wat hierbo beskryf word, kan lei tot die likwidasie van die Highveld Syndication-maatskappye en die verbeuring van enige bestaande reg op betaling wat HS-beleggers ingevolge die reëling het.

13 'n Aansoek om Zephan te laat likwideer is 'n paar maande gelede, laat in 2017, geloods. Hierdie aansoek word teengestaan, en ek doen ook stappe om in daardie aansoek tussen beide te tree ten einde die reëling te beskerm.

14 Indien die likwidasie-aansoek suksesvol is, sal dit egter waarskynlik die einde van die reëling beteken.

15 'n Zephan-likwidasie beteken ook dat HS-beleggers alle betalings wat Zephan ná die aanvang van die likwidasieprosedure as onderskrywer van die reëling aan HS-beleggers gemaak het sal moet terugbetaal, aangesien alle betalings wat ná aanvang van die likwidasieprosedure gedoen word, volgens wet nietig sal wees. Volgens die mening wat ek ingewin het, is die regsposisie dat 16 November 2017, toe die likwidasie-aansoek uitgereik is, as die aanvangsdatum van Zephan se likwidasie beskou sal word.

16 Om dieselfde rede sal HS-belegggers al die betalings wat hulle sedert die instelling van die reëling in November 2014 ingevolge daarvan ontvang het, moet terugbetaal indien die reëling nietig verklaar word.

17 Volgens die regsadvies wat ek ingewin het, kan die HS-beleggers wat deur die reëling gebind word nie uit hul eie die reëling omseil en hul beleggings en rentebetalings eis (soos wat die 46 HS-beleggers hierbo gedoen het) nie, aangesien 'n hofbevel hulle, net soos al die ander partye, aan die terme van die reëling bind.

18 Zephan het my in hul hoedanigheid as die reëling se onderskrywer laat weet dat hulle nie hierdie HS-beleggers kan toelaat om, onder meer, elke maand direkte volgehoue betalings ingevolge die reëling te ontvang terwyl hulle strydig optree met hul regte ingevolge die reëling en die reëling se uitdruklike bepalings, nie.

19 Party van hierdie HS-beleggers vorm deel van die Hofaansoeke en Hofgedinge wat in my vorige omsendbrief beskryf word, wat – strydig met die reëling se bepalings – ten doel het om hul volle belegging terug te eis. Terselfdertyd ontvang hulle almal egter hul maandelikse en ander betalings ingevolge die reëling. Dit is uiters onregverdig teenoor die meerderheid HS-beleggers, wat graag wil hê dat die reëling se bepalings nagekom moet word.

20 Ek verneem dat Zephan, as gevolg van die aansienlike belemmerings wat te wyte aan die Hofaansoeke en Hofgedinge se gedingvoering op hulle geplaas word, tans oorweeg om geen verdere maandelikse of ander betalings aan enige HS-beleggers te doen wat by die gedingvoering betrokke is nie. Hulle geld sal in die trustrekening van 'n onafhanklike prokureursfirma, onder my beheer, betaal word totdat die Hofaansoeke en Hofgedinge se uitslag gefinaliseer word.

21 Ek vra u dus om my **voor 26 Junie 2018** skriftelik by die adres hieronder in kennis te stel dat u, of diegene vir wie u regtens verteenwoordig:

21.1 die reëling nie ondersteun nie; of

21.2 'n lid van die Highveld Syndication-aksiegroep ("HSAG") is; of

21.2.1 deelneem aan die gedingvoering wat deel vorm van die Hofaansoeke en Hofgedinge wat ek hierbo uiteensit.

22 Neem asseblief kennis dat ek tans regsadvies inwin oor die posisie van die HS-beleggers wat aan die HSAG behoort en/of diegene wat aan gedingvoering deelneem, wat vermoedelik deur prokureurs verteenwoordig word, en teen dié waarvan ek nie kennis dra nie en wat nie hulle posisie opklaar soos wat paragraaf 21 hierbo vra nie, en wat dus voortgaan om betalings te ontvang.

23 Stuur asseblief u verklarings na admin@orthotouch.co.za.

24 Indien ek nie teen die sperdatum hierbo van u hoor nie, sal ek aanneem dat u nie deel vorm van die HSAG en/of die gedingvoering (die Hofaansoeke en Hofgedinge) waarna ek verwys het nie.

25 Laastens vra ek dat alle HS-beleggers die aangehegte vorm invul, waar van toepassing, sodat ek die volgehoue steun vir die reëling (of die gebrek daaraan) kan peil en 'n gepaste reaksie daarop kan formuleer.

Die uwe

D P COHEN N.O.
Ontvanger

VERKLARING – 155 REELINGSKEMA

Ek _____ _____

Vollename van Persoon of Entiteit | Identiteits nommer of Registasie Nommer

_____

Van

_____ _____

E-Pos | Selfoon Nommer

Die ondergetekende bevestig hiermee dat:

1. Ek/ons is 'n belegger of die gevolmagdigde van 'n belegger in die Highveld Syndication Maatskappye. Dui asseblief aan in elke Highveld Syndication Maatskapy u belê het te same met u beleggings nommer/s:

_____
_____
_____
_____
_____

2. Ek/ons het die omsendskrywe van die ontvanger aangestel in terme van die skema (gedateer 30 Mei 2018), ontvang en oorweeg. Hierdie verklaring was aangeheg by die voormelde omsendskrywe.

3. Ek/ons verstaan die belangrikheid van hierdie verklaring, en verstaan dat dit bindend is op my/ons. Gegewe die voorgaande word hierdie verklaring vrywillig gemaak.

4. Ek/ons bevestig dat (merk asseblief die gepaste blok):

☐ Ek/ons is 'n lid van HSAG en ondersteun hul posisie in litigasie; of

☐ Ek/ons is nie 'n lid van HSAG nie, maar is in litigasie betreffende die reelinskema betrokke.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____ 2018.

_____ _____

Handtekening (behoorlik gemagtig) **Getuie**

Ek/ons bevestig dat hierdie verlaring 'n geldige en bindende dokument is en dat ek/ons, indien dit nie ingevul en terugstuur is nie, daarmee bevestig word dat ek/ons die skema ondersteun.

Sou dit later blyk dat, tenspyle van die bostaande, ek/ons nie die dokument nie eerlik ingevul het nie, dat ek/ons en dat die skema teenstaan dan sal my optrede gesien word as doelbewuste wanvoorstlling met die gevolge wat daaruit voorvloei.

Stuur hierdie _____ dokcument aan admin@orthotouch.co.za voor of op 26 Junie 2018.